SUNRIDGE VANDAG
SUNRIDGE TODAY
CONJUNCTI CRESCIMUS
25 June 2020

Dear Parents

Keeping a close eye on the return and applying the hands-on attitude, we can say without any doubt that 98% of parents are happy, supportive and helping us to create the 'new' normal. Getting out of your comfort zone and dealing with a new, unknown environment is the only way forward. Dealing with the 1,5 meter social distance was achievable and our learners were fantastic. The positive attitude of the youngsters was an example for all of us. They dealt with it and we were amazed.

The orientation went well and we need to thank our parents for walking the extra mile to do it. It proves to be the best practice as we can better our service by evaluating it and then making changes as needed.

As parents start to respect the one way around the school the "Drop Off' zones are becoming more effective. As we expand our barriers at the zones (for safety reasons) we are happy that eventually parents and children will be able to use these zones as part of the future. Those driving upstream and ignoring our kind request will definitely not steal our joy and the safety of our children will remain our priority. With only a few gatherings still keeping us from "drop and go" our Compliance Officer was satisfied and fully in support of the drop off zones.

Thank you for friendly greetings, smiles and helpfulness of parents and for taking the time to work with us. We look forward to welcoming everyone back as planned and I can assure you that we are keeping up with cleaning, sanitizing and disinfecting as part of our 'new' normal. Our support staff and teachers are walking the extra mile. Let me assure you that with what is within our power we are taking good care of your child.

Our prefects will be trained as monitors as with another 38 sets of eyes we will be even more proactive to support learners with the new rules and to get used to following them.

Please note that we cannot accommodate late arrivals as we need to close the gates and move to service points for the day.

The 'Drop Off' went well and we are still working on the 'Pick Up' as the faster we can get all clear the better. A kind request, rather park in the side streets, walk to the 'Pick Up' point, keep your social distance, and collect your child. Should you drive past and spot him/her and can do a safe pick up, please do so. It is, however, imperative not to hold traffic up and to apply the "one way" rule.

All aspects, as well as any fine tuning, will be communicated for the return on 6 July. The completion of orientation for all grades will allow for productive solutions on a few issues. Thank you so much for everything and for allowing us to serve your child.

Those at home due to challenges, we really miss you and will support you.

**The next couple of weeks?**
We are well aware of all the predictions and while we have put all and even more in place, we are also realistic knowing that we might be asked to face challenges - we are preparing and planning for the unknown as best we can. Should we be required to close in the future, then so be it, we will need to deal with it accordingly. We do what we can but eventually it is out of our hands. Let us deal with challenges - to those delivering essential services on the front line, thank you so much, please be safe.

It is for this reason only that we request parents not to take chances - should you or your child feel ill in any way, rather be safe. Stay home for a day or two, seek help and only return when you feel well or when you are cleared. We respect that as it is what is needed to keep us all safe. Please do not take a chance, we understand work pressure but it is not worth it. As staff we are doing the same, we sometimes battle with a shortage of hands but as a team we all pull our weight. Working over weekends due to this was not even an option, it was done as part of the job.

As we move forward, we can only apologize for logistical mistakes. We are training staff for new responsibilities as we prepare to open up for all. The one way around the school is not respected by everyone and this causes problems. Thanks to those parents who respect and comply in support of safety. This is to protect our children, you do not want your child to get injured nor do you want to be the one injuring another child.

Drop children of in the 'drop off' zones. We assist by using manpower to open doors and guide the children. As of 6 July our manpower will be limited and it will be imperative that drop off' zones flow.

Parents may not park and get out of the vehicle in these zones and I do not even want to mention parents who drive from the wrong way into 'drop off' zones. Racing around the school due to frustration is not an option. We also get frustrated with complying and managing this 'new' normal but do not have the luxury to show our frustration.

A relatively safe walk way, marked with red bricks, around the school is available so you may, like others drop your child off away from traffic around the school and let him/her walk to the gate.

**Gates and 'Drop Off' Zones**
Gates are fixed and the mistakes of other grades turning into the wrong 'drop off'' Zones OR been flagged into the

wrong one is regrettable and part of the learning curve, for that we apologize. Thank you to parents who have dealt with this in a positive way. Please drive slowly and carefully past the other grade's 'drop off' zones. Please also exit drop off zones slowly and carefully.

As on the MAP the gates have not changed and so as to assist you the 'drop off' zones will now be marked for each grade.  Grade 7's also need to fall into the 'new' normal as they have had the luxury of the school for themselves, this is now changing and it is not negotiable. Avoid making U-turn as this puts everyone in danger.

We again ask that you change your normal route to spend the shortest possible distance and time on the road around the school. If you have to enter the streets around the school:  with only a grade 3 or 7 child, use Violet Avenue or Tulip Avenue from Violet Avenue side; only a Grade 4, 5 or 6 child, use Lily Avenue; only a Grade 2 learner use Link Road or only a grade 1 learners use Tulip Avenue from Spar's side. Practically, with more than one child use the entrance closest to the first 'drop off' for your youngest child. Please take the first available right out and away from the roads around the school.

We can, unfortunately, not accommodate late arrivals and our gates close at 08:00 to allow staff to move into the building in time for their respective monitoring, service, toilet duty points and admin offices. We apologise for any confusion in this regard but due to very strict contaminating regulations for offices and the front entrance we schedule visitors from 09:00 and only with prior appointments. We do not allow any child into these areas as this is the space fighting the paper war and also the most vulnerable one for contamination.

Please be safe and take care of your loved ones.

Sunshine greetings

M DE VRIES
Principal

#staysafe
#staypositive







Follow us on FACEBOOK!

SUNRIDGE VANDAG SUNRIDGE TODAY

CONJUNCTI CRESCIMUS

25 Junie 2020

Geagte Ouers

Aangesien ons die terugkeer sorgvuldig monitor en persoonlik teenwoordig is, kan ons rapporteer dat 98% van ons ouers tevrede is en ons ondersteun en help om die nuwe normaal te vestig. Al wat ons kan doen, is om uit ons gemaksone te tree en die nuwe onbekende omgewing ons eie te maak. Ons leerlinge was fantasties en het die 1,5 meter sosiale afstand gehandhaaf. Die kinders se positiewe ingesteldheid was vir ons almal tot voorbeeld. Ons was verstom oor die manier waarop hulle die situasie hanteer het.

Die oriëntering was suksesvol en ons bedank ons ouers wat die ekstra myl gestap het. Dit was 'n uiters geslaagde oefening, want ons kan ons diens evalueer, verbeter en veranderinge waar nodig aanbring.

Soos ouers die eenrigtingverkeer rondom die skool begin gewoond raak, word die aflaaipunte meer doeltreffend. Terwyl ons ons versperrings by die aflaaipunte om veiligheidsredes uitbrei, is ons tevrede dat ouers en kinders uiteindelik hierdie gebiede as deel van hul toekoms sal aanvaar. Diegene wat teen die verkeer ry en ons vriendelike versoek ignoreer, sal ons nie van ons vreugde beroof nie en die veiligheid van ons kinders sal steeds ons prioriteit bly. Met slegs 'n paar kletsers wat "aflaai en ry" in die wiele gery het, was ons voldoeningsbeampte tevrede en het die aflaaipunte ten volle goedgekeur.

Baie dankie aan die ouers wat vriendelik groet, glimlag, hulpvaardig is en met ons saamwerk. Ons sien daarna uit om almal terug te verwelkom en ek kan u verseker dat ons steeds volhou met skoonmaak, ontsmetting en reiniging as deel van ons nuwe normaal. Ons ondersteuningspersoneel en onderwysers stap die ekstra myl. Ek kan u verseker dat ons alles in ons vermoë doen om u kind veilig te hou.

Ons prefekte sal as monitors opgelei word en met nog 38 ekstra paar oë sal ons steeds beter in staat wees om ons leerlinge te help om aan die nuwe reëls gewoond te raak.

Neem asseblief daarvan kennis dat ons nie laatkommers kan akkommodeer nie, want ons moet die hekke sluit en na ons dienspunte vir die dag beweeg.

Die aflaai verloop klopdisselboom, maar die oplaai kan meer vaartbelyn wees – hoe vinniger ons almal kan wegkry, hoe beter. Ons wil vriendelik versoek dat u eerder in die systrate parkeer en na die oplaaipunte stap om u kind te haal, met inagneming van die sosiale afstand. Indien u verbyry en hom of haar sien en u kan veilig stop, doen dit. Dit is egter uiters belangrik om nie die verkeer te belemmer nie en om die "eenrigtingreël" te gehoorsaam.

U sal alle inligting aangaande die terugkeer op 6 Julie, asook die presiese detail, ontvang. Ons wil net eers alle oriëntering afhandel sodat ons produktiewe oplossings vir 'n paar aangeleenthede kan kry. Baie dankie vir alles en dat u ons toelaat om u kind te dien.

'n Boodskap aan diegene wat a.g.v. uitdagings tuis bly: Ons mis julle regtig en sal julle steeds ondersteun.

**Die volgende paar weke?**
Ons is wel bewus van al die voorspellings en terwyl ons alles en meer in plek plaas, besef ons ook dat van ons verwag sal word om struikelblokke te oorkom; ons beplan en tref voorbereidings vir die onbekende na die beste van ons vermoë. As ons in die toekoms moet sluit, sal ons dit doen en die situasie dan hanteer. Ons doen wat ons kan, maar uiteindelik is dit buite ons beheer. Ons sal die uitdagings die hoof bied. Baie dankie aan diegene wat noodsaaklike dienste in die frontlinie lewer - bly asseblief veilig.

Om hierdie rede vra ons dat ouers nie kanse waag nie – bly liewer veilig as u of u kind enigsins siek voel. Bly vir 'n dag of twee tuis, kry hulp en keer slegs terug wanneer u beter voel of gesond verklaar is. Ons het begrip daarvoor, want dit is nodig om ons almal veilig te hou. Moet asseblief nie kanse waag nie – ons verstaan dat daar werkdruk is, maar dit is nie die moeite werd nie. Ons as personeel doen dieselfde, ons worstel soms met personeeltekorte, maar as 'n span bring elkeen sy kant. Om as gevolg hiervan oor naweke te werk, was nie eers 'n opsie nie – dit is alles deel van die werk.

Ons kan slegs om verskoning vra vir logistieke foute en aanbeweeg. Ons personeel moet in die aanloop tot die heropening van die skool nuwe verantwoordelikhede aanleer. Die eenrigtingverkeer rondom die skool word nie deur almal gerespekteer nie en dit veroorsaak probleme. Baie dankie aan die ouers wat in belang van veiligheid die reël gehoorsaam. Dit is vir ons kinders se veiligheid – glo my, u wil nie hê dat u kind beseer word nie en u wil ook nie 'n ander kind beseer nie.

Kinders moet by die aflaaipunte afgelaai word. Ons het mannekrag beskikbaar om deure oop te maak en kinders te lei. Teen 6 Julie sal ons mannekrag beperk wees en teen daardie tyd moet die aflaai seepglad verloop.

Ouers mag nie by hierdie punte parkeer en hul voertuie verlaat nie, om niks eers te sê van ouers wat uit die verkeerde rigting by die aflaaipunte inry nie. Om uit frustrasie rondom die skool te jaag , is beslis nie 'n opsie nie. Ons raak ook gefrustreerd terwyl ons aan die nuwe normaal gewoond raak, maar dit is ons nie veroorloof om ons frustrasie te wys nie. 'n Betreklik veilige paadjie rondom die skool, met rooi stene gemerk, is beskikbaar sodat alle kinders ver weg van

**Hekke en Aflaaipunte**

Hekke is bepaal en die foute van ander grade wat by die verkeerde aflaaipunte ingedraai het OF daarnatoe gestuur is, is ongelukkig alles deel van die leerkurwe – ons vra om verskoning daarvoor en bedank die ouers wat dit op 'n positiewe wyse hanteer het. Ry asseblief baie stadig en versigtig verby ander grade se aflaaipunte. Verlaat die aflaaipunte asseblief stadig en versigtig.

Die hekke soos op die KAART aangedui, sal nie verander nie en die aflaaipunte sal nou vir elke graad gemerk word. Gr 7 was daaraan gewoond om die hele skool vir hulself te hê, maar hulle sal nou aan die nuwe normaal gewoond moet raak. Dit verander nou en is ononderhandelbaar. 'n U-draai is gevaarlik en moet ten alle koste vermy word.

Ons versoek weer dat u u gewone roete wysig sodat u die kortste moontlike afstand en tyd in die straat rondom die skool spandeer. Om die straat rondom die skool binne te kom: slegs 'n Gr 3- of 7-kind, gebruik Violet- of Tuliplaan vanaf die Violetlaankant, slegs 'n Gr 4-, 5- of 6-kind, gebruik Lilylaan, slegs 'n Gr 2-kind gebruik Linkweg  of slegs 'n Gr 1-kind, gebruik Tuliplaan vanuit die Spar se rigting. Met meer as een kind kan u die ingang naaste aan die aflaaipunt van u jongste kind gebruik. Draai asseblief by die eerste beskikbare straat regs, uit en weg van die straat rondom die skool.

Laatkommers kan nie toegelaat word nie en ons hekke sluit om 08:00 sodat personeel die gebou kan binnegaan vir hul onderskeie monitor-, diens- en toiletdienspunte en adminkantore. Ons vra om verskoning vir enige verwarring in hierdie verband, maar a.g.v.  uiters streng besmettingsregulasies vir kantore en die vooringang, kan ons slegs vanaf 09:00 besoekers ontvang, slegs volgens afspraak. Kinders word ook nie hier toegelaat nie, want dit is hier waar die papieroorlog gevoer word en ook die kwesbaarste plek m.b.t. besmetting.

Bly asseblief veilig en sorg mooi vir u geliefdes.

Sonskyngroete

M DE VRIES
Skoolhoof

RABIE TRUST

#blyveilig
#blypositief

TAVCOR
SUZUKI







Follow us on
FACEBOOK!

# ROUTE AROUND THE SCHOOL
# ENTRY & EXITS GATES



## REFUND FOR MR & MISS SUNSHINE / APPEL

Parents who bought tickets for Mister and Miss Sunshine Jnr and Snr and/ or the Appel concert may send a photo of their tickets, together with their name, surname and banking details to ria@sunridge.co.za. Please also mention price of tickets and whether it was for an adult or child. Your money will be refunded in due course.

## TERUGBETALING VIR MNR. & MEJ. SONSKYN / APPEL

Ouers wat kaartjies vir Mnr. en Mej. Sonskyn Jnr. en Snr. en die Appelkonsert gekoop het, kan 'n foto van hul kaartjies, saam met naam, van en bankbesonderhede van ouers na ria@sunridge.co.za stuur. U moet asseblief ook noem wat die prys van die kaartjies was en of dit vir 'n volwassene of kind was. U geld sal later terugbetaal word.




MR & MISS SUNSHINE

Mrs Brown
2 Adult R 120
1 Children R60
Total paid: R180

Standard Bank (cheque acc)
Acc no.: 073 215 676
Branch code: 050017







APPEL CONCERT

Mrs Smith
4 Tickets
Total paid: R600

Standard Bank (cheque acc)
Acc no.: 073 215 676
Branch code: 050017

# PHOTO GALLERY / FOTOGALERY
























# WOW! THANK YOU ~ BAIE DANKIE



The 2 items in the photos have been donated to the school by the community.

An electronic tap for hand sanitizing especially for the Foundation Phase and a walk through sanitizer for the school.

Die 2 artikels op die foto's is deur die gemeenskap aan die skool geskenk.

Dit is 'n elektroniese kraan vir handsanitasie vir ons Grondslagfase-leerlinge en 'n deurstap-saniteerder vir die skool.




**#HeyThanks**



